POSBUS 32015
FICHARDTPARK
9317

PASTEURRYLAAN
BLOEMFONTEIN

☎ 051 522 4071
✉ admin@sannies.co.za

Hoërskool Sand du Plessis

2020.07.24

Geagte Sanniesouers en leerders

AANKONDIGING DEUR PRES. RAMAPHOSA RAKENDE DIE SLUITING VAN SKOLE

Pres Ramaphosa het gisteraand aangekondig dat openbare skole gesluit sal wees vanaf 27 Julie en weer sal heropen op 24 Augustus 2020, met die volgende uitsondering: **Gr 12 leerders sal slegs een week vakansie hê en terugkeer na die skool op Maandag 3 Augustus.** Hierdie groep het dus net een week vakansie.

Die skole heropen vir die ander grade op Maandag 24 Augustus 2020. Daar is nog onduidelikheid oor hoeveel grade en watter grade op 24 Augustus sal mag terugkeer op 24 Augustus. Ons beplanning is dus as volg:

Die Gr 8-9 leerders keer terug na die skool op Maandag 24 Augustus (Gr 8) en Dinsdag 25 Augustus (Gr 9). Alle Gr 8-9 leerders moet egter Vrydag 21 Augustus (Gr 8 om 9:00 en Gr 9 om 10:00) vir ‘n oriënteringsessie, ontvangs van roosters en maskers aanmeld.

Die skool sal dan met ‘n rotasierooster begin. ‘n Sesdagrooster sal gebruik word waar die skool in twee groepe verdeel word:

- Gr. 12, 11 en 8 woon skool op dae 1, 3 en 5 by.
- Gr. 12, 10 en 9 woon skool op dae 2, 4 en 6 by.
- 24 Augustus (Dag 1), 25 Augutus, (Dag 2), 26 Augustus (dag 3) ens.

Die aanlyn e-leer program sal vanaf Maandag 3 Augustus 2020 voortgaan. Dit is nou belangriker as ooit dat ALLE Gr 8-11 leerders op ‘n daaglikse basis skoolwerk moet doen soos ontvang van hulle onderwysers op elke vak se Whatsappgroep. Alle ouers moet 100 % seker maak dat hulle kinders die huiswerk ontvang. U kan my gerus kontak by 084 302 6593 indien u kind nie op die Whatsapp vakgroepe gekoppel is nie.

Die skool se webblad www.sannies.co.za is ‘n “zero-rated” webblad. Daar is baie hulpbronne op die webwerf gelaai wat gratis deur die leerders afgelaai kan word.

Bostaande reëlings word getref met die huidige inligting tot ons beskikking. Ons sal u oor enige veranderinge as gevolg van moontlike nuwe instruksies van die nasionale regering inlig.

Willem du Buisson
Skoolhoof